**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Saak Nr. : 1842/2006**

In die saak tussen:

**HEINE HEINRICH CARSHAGEN N.O** Applikant

en

**JOHANNES CORNELIUS VAN ZYL** Respondent

---

**AANGEHOOR OP:** 25 MEI 2006

---

**UITSPRAAK DEUR:** C.J. MUSI R

---

**GELEWER OP:** 8 JUNIE 2006

---

[1] Hierdie is 'n aansoek om wysiging van applikant (eiser) se besonderhede van vordering. Die applikant vra die volgende regshulp:

> "1. Dat verlof aan applikant (eiser) verleen word om sy besonderhede van vordering onder saaknommer 3422/2004 te wysig ingevolge sy kennisgewing van

voorgenome wysiging afgelewer op 10 April 2006.

2. In die alternatief tot paragraaf 1 dat:

2.1 verlof aan die applikant (eiser) verleen word om sy besonderhede van vordering onder saaknommer 3422/2004 te wysig ingevolge sy kennisgewing van voorgenome wysiging afgelewer op 10 April 2006; en

2.2 verlof aan die applikant (eiser) verleen word om bylae "A" tot sy besonderhede van vordering voormeld, te vervang met bylae "A" hiertoe.

3. Dat respondent (verweerder) gelas word om die koste van hierdie aansoek te betaal."

[2] Die applikant (eiser) het in sy hoedanigheid as likwidateur in die boedel van Boer 2000 Veevoere BK (Boer 2000) aksie ingestel teen die verweerder (respondent) vir onder andere die nietig verklaring van sekere vervreemdings deur Boer 2000 aan die respondent gemaak. Die dagvaarding is op 7 Oktober 2004 uitgereik.

[3] In die besonderhede van vordering het die applikant / eiser onder andere beweer dat:

"3.1 Gedurende die tydperk 14 Junie 2001 tot 13 September 2001 het BOER 2000 landbouprodukte van BKB Groothandel, 'n Divisie van BKB BPK aangekoop vir 'n totale koopsom van R810 418,54.

Aangeheg hierby as BYLAE **A** is 'n staat waarop aangetoon word, onder andere, die datums ongeveer waarop elke aankope plaasgevind het en die bedrag van elke sodanige aankope.

3.2 Op of ongeveer elk van die datums waarna verwys word op BYLAE **A** het BOER 2000 die landbouprodukte wat as sodanig aangekoop is aan die verweerder, wat indertyd sake gedryf het onder die naam TRIO MEULE, vervreem.

3.3 Die vervreemding het geskied sonder teenwaarde…

5.1 BOER 2000 en die verweerder het met mekaar saamgespan om die bedoelde goedere wat aan BOER 2000 behoort het te vervreem aan die verweerder of 'n ander…"

[4] In smeekbede 1 vra die applikant / eiser vir:

"'n Bevel ingevolge waarvan die vervreemding(s) van die landbouprodukte wat BOER 2000 op of ongeveer die datums vermeld in AANHANGSEL **A** hiertoe aangekoop het, tot niet

gemaak word"

[5] Bylae "A" waarna daar in die besonderhede van vordering verwys word is 'n staat wat ex facie aandui dat Boer 2000 'n bedrag van R810 418,54 verskuldig is aan BKB Groothandel Divisie van BKB Beperk.

[6] Die verweerder / respondent het sy verweerskrif op 2 Desember 2004 geliaseer. Daarin het die verweerder pertinent ontken dat hy kennis dra van enige sodanige aankope soos beweer op bylae "A" tussen BKB Groothandel en Boer 2000 nie.

[7] Op 5 April 2005 versoek eiser/applikant verhoorbesonderhede van verweerder. Daarin vra eiser pertinent of verweerder

> "ontken dat die tersaaklike landbouprodukte aan Boer 2000 deur BKB Groothandel verkoop en gelewer is of beweer die verweerder bloot dat hy nie kennis van die relevante feite dra nie?"

Die verweerder se antwoord op hierdie vraag was as volg:

> "verweerder ontken dat hy kennis dra van die tersaaklike landbouprodukte aan Boer 2000 deur BKB Groothandel verkoop en gelewer (soos per Bylae A tot eiser se Besonderhede van Vordering en verwys in die onderhawige paragraaf onder behandeling in verweerder se verweerskrif vervat)."

Dit dien vermeld te word dat die verweerder deurgaans in sy antwoorde verwys het na bylae A en ontken het dat daar vervreemdings tussen BKB Groothandel en Boer 2000 geskied het sonder teenwaarde.

[8] Op 16 Februarie 2005 het die verweerder blootgelegde belastingsfakture vanaf eiser ontvang. Daarvolgens blyk dit dat Billsons – Coutts (Edms) Bpk goedere aan Boer 2000 verkoop het. Die datums bedrae en faktuur nommers van hierdie fakture stem wesenlik ooreen met die gegewens op bylae A.

[9] Die verhoor was vir 2 Mei 2006 geplaas. Op 10 April 2006 lewer applikant / eiser 'n kennisgewing van voorneme om sy besonderhede van vordering te wysig. Die applikant wou die volgende wysiging bewerkstellig:

"1. Deur die vervanging van die woorde "van BKB Groothandel. 'n divisie van BKB Bpk" waar dit in paragraaf 3.1 voorkom, met die woorde "van Billsons Coutts (Edms)Bpk.

2. Deur die invoeging van die woorde "; alternatiewelik die opbrengs daarvan" tussen die woorde "aangekoop is" en "aan die verweerder" in reel 3 van paragraaf 3.2 daarvan.

3. Deur die invoeging van die woorde "; alternatiewelik die opbrengs daarvan" tussen die woorde "behoort het" en "te" in reel 2 van paragraaf 5.1 daarvan.

4. Deur die invoeging van die woorde "alternatiewelik die opbrengs daarvan, aan die verweerder," tussen die woorde "aangekoop het" en "tot niet" in reel 3 van smeekbede 1."

[10] Op 25 April 2006 teken die respondent / verweerder beswaar aan teen die voorgenome wysiging en baseer sy beswaar hoofsaaklik daarop dat die voorgenome wysiging die effek sal hê dat die eiser / applikant se besonderhede van vordering vaag en verswarrend sal wees aangesien bylae A steeds sal verwys na BKB Groothandel terwyl die nuwe bewering sal wees dat Billsons Coutts (Edms) Bpk goedere

aan die verweerder / respondent verkoop het. Die aksie is uitgestel en daar is beveel dat koste moet oorstaan vir latere beregtiging.

[11] Die applikant het toe hierdie aansoek geloods. Die aansoek is heftig geopponeer. Tydens betoog het Mnr Burger, namens respondent, toegegee dat bede 2 van die kennisgewing van mosie ontvanklik is maar dat bede 1 steeds die effek sal hê dat die eiser / applikant se besonderhede van vordering vaag en verswarend sal wees. Hy het versoek dat ek die applikant moet gelas om die koste van hierdie aansoek te betaal. Mnr Van der Walt namens applikant het geargumenteer dat die respondent / verweerder gelas moet word om die koste te betaal aangesien die opposisie onnodig was en dat dit die aansoek genoodsaak het. Sy argument is dat daar vanweë die respondent se besondere kennis van verkope en transaksies tussen Boer 2000 en Billson Coutts geen verwarring kan wees nie aangesien die respondent van meet af geweet het van die verkope.

[12] Dit is geykte reg dat ek 'n wye diskresie het om 'n aansoek om wysiging toe te staan al dan nie. Ek moet egter dusdanige diskresie op 'n regterlike wyse uitoefen. **Caxton Ltd v Reeva Foreman** (Pty) Ltd 1990 (3) SA 547 (A) te 565 G. Ek moet ook, by die uitoefening van my diskresie, sekere basiese beginsels en algemene reëls wat by aansoeke soos hierdie geld, in aanmerking neem. In **Devonia Shipping Ltd v MV Luis (Yeoman Shipping Co. Ltd intervening)** 1994 (2) SA 363 te 369 E het Rose Innes R die algemene reël as volg saamgevat:

> "The general rule is that an amendment of a notice of motion, as in the case of a summons or pleading in an action, will always be allowed unless the application to amend is mala fide or unless the amendment would cause an injustice or prejudice to the other side which cannot be compensated by an order for costs or, in other words, unless the parties cannot be put back for the purposes of justice in the same position as they were when the notice of motion which it is sought to amend was filed."

'n Aansoek om wysiging wat die pleitstukke vatbaar sal maak

vir ‘n eksepsie sal nie toegestaan word nie. Sien **Trans Drakensberg Bank Ltd (Under Judicial Management) v Combined Engineering (Pty) Ltd and Another** 1967 (3) SA 632 D te 641 A; **Caxton v Reeva Foreman** *supra* te 565 G – I.

[13] Alhoewel die aansoek ‘n casu in bona fide aansoek is en daar wel ‘n “triable issue” was, was die beswaar sowel as die opposisie geregverdig. Die applikant was deurgaans in besit van die belasting fakture waarop daar duidelik staan dat Billson Coutts sekere goedere aan Boer 2000 gelewer het. ‘n Vergelyking van daardie fakture en bylae A moes die eiser / applikant tot die besef gebring het dat iets nie pluis is nie.

[14] Die eiser / applikant het dit eers opgemerk terwyl hy besig was om vir verhoor voor te berei; wanneer presies is onbekend. Die verweerskrif van die verweerder is ook ‘n duidelike ontkenning van enige transaksies tussen hom en BKB Groothandel. Applikant verduidelik glad nie waarom sy besonderhede van vordering foutiewelik voorberei was nie.

Die applikant verduidelik ook nie waarom hierdie ooglopende fout nie vroeër ontdek was nie, ten minste na die verweerskrif geliaseer was nie. So verduidelik die applikant ook nie waarom hy volhard met bede 1 van sy kennisgewing van mosie nie. Mr van der Walt se betoog dat bylae A slegs die datums en faktuur nommers aantoon gaan nie op nie. Daardie dokument, soos wat dit op bylae A daarna uitsien, toon duidelik aan dat Boer 2000 die bedrae daarin vermeld aan BKB Groothandel verskuldig is. Applikant verduidelik ook nie waarom hy nie die alternatiewe regshulp wat hy in sy kennisgewing van mosie vra, nie in sy kennisgewing van voorgenome wysiging vervat is nie. Onder hierdie omstandighede het die respondent geen keuse gehad as om die aansoek te opponeer nie.

[15] Na my mening was die beswaar teen die kennisgewing van voorgenome wysiging sowel as die opponering van hierdie aansoek redelik. Dit was myns insiens nie ligsinnig of kwelsugtig nie. Sien **Mutsi v Santam Versekerings maatskappy en 'n Ander** 1963 (3) SA 11 (O) te 20 E – G.

Dit is vir my duidelik dat daar nie gesê kan word dat die respondent die koste, deur die opposisie, onredelik verhoog het nie. Ek is van mening dat die applikant – wat in elk geval vir 'n vergunning vra – die koste van respondent, wat hy aangegaan het ter opponering van hierdie aansoek, moet betaal. Inaggenome die feite van hierdie saak is dit die mees billike bevel. Sien **Cganga v AA Mutual Insurance Association Ltd** 1979 (3) SA 320 (ECD) te 330 A – D.

[16] **In die omstandighede word die volgende bevel gemaak:**

**(a) Bede 2.1 en 2.2 van die kennisgewing van mosie word toegestaan.**

**(b) Die applikant word gelas om die koste van die aansoek te betaal.**

**C.J. MUSI, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikant: | Adv. J. D. Van der Walt<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. A. H. Burger<br>In opdrag van:<br>McIntyre & Van Der Post<br>BLOEMFONTEIN |

/ms